



Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 25/05 2023

Geagte Ouers/Voogde

Hierdie nuusbrieff is die voorlaaste nuusbrieff van die kwartaal. Die volgende nuusbrieff word op Vrydag, 23 Junie, saam met die rapporte aan die leerders gegee.

1. Nutsman:

Die volgende **VAKATURE** is beskikbaar by Hoërskool McLachlan te Joubertina.

NUTSMAN

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die algemene instandhouding van geboue en die skoolterrein. Basiese vaardighede in skrynwerk, loodgieterswerk en verfwerk is 'n vereiste om te kwalifiseer vir hierdie posisie, asook 'n geldige rybewys.

Vergoedingspakket onderhandelbaar.

Sluitingsdatum: 9 Junie 2023

Diensaanvaarding: 1 Julie 2023

Rig aansoek (volledige CV) aan: Die Skoolhoof: e-pos: info@hsmclachlan.co.za

Die skoolbeheerliggaam behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie.
Slegs suksesvolle kandidate sal gekontak word.

2. Eksamenreëlins:

Die eksamen vir graad 4- tot 6-leerders begin Maandag, 29 Mei, tot Donderdag, 15 Junie, en die graad 7- tot 12-leerders begin Vrydag, 26 Mei, en eindig Maandag, 19 Junie.

Vanaf Vrydag, 26 Mei, is tye soos volg vir **graad 1- tot 12-leerders**.

Eksamentye: 07:30 tot 12:00

Busse vertrek 12:10

Tydens die eksamen geld die volgende reëlins:

- 07:25: Leerders tree aan en beweeg dan na eksamenlokale.
- Eksamentye sal in die lokale opgeplak wees.
- AFWESIGHEDE tydens eksamen:



- Indien 'n leerder afwesig is, moet 'n doktersbrief so gou as moontlik by mev. Daleen Strydom ingehandig word.
- Indien enige ander krisis opduik, moet daar persoonlik met mev. Stuurman gereël word.
- Indien bogenoemde versuim word, sal 'n leerder vir die betrokke eksamen vraestel 0% ontvang.

- Leerders moet sorg dat hulle elke dag die korrekte skryfbehoeftes het.
- Leerders se tasse/sakke mag onder geen omstandighede by hulle wees tydens die eksamensessie nie.
- Netheid van leerders (hare, naels en volle skooldrag) is steeds volgens skoolreëls.
- Graad 1- tot 6-leerders is elke dag by die skool.
- Graad 7- tot 12-leerders wat nie die betrokke dag 'n vak skryf nie, mag by die huis bly om te leer.

3. **Klerebank**

Vanaf Maandag, 29 Mei, is die klerebank om 12:30 tot 13:00 op Dinsdae en Donderdae oop.

4. **Radikale redenaars:**

Ons is baie trots op Miencke Strydom (gr. 12) wat 'n A+ in die Radikale Redenaarskompetisie behaal het.

5. **Nasionale toneelspelkompetisie:**

Venay Matjala het op 22 Mei deelgeneem aan die nasionale toneelspelkompetisie. Sy was een van die top 55 in die land en ons wens haar geluk met die groot prestasie. Die kompetisie was baie straf met ongelooflike talent. Die beoordelaars was bekende akteurs.

Die kompetisie is by The Playhouse Theatre in Somerset-Wes aangebied. Venay was ook gelukkig om 'n werkswinkel by te woon wat deur Kaz Mcfadden aangebied is.

6. **Gr. 10 Landboupraktijk plaaskamp:**

Die 7 gr.10-LBP-seuns het die afgelope naweek 'n avontuurlike plaaskamp op Brandhoekplaas van mnr. en mev. Ewald en Bonita Gerber in die Kouga gehou. Ons is met 'n heerlike koek verwelkom.

Die seuns is dit eens dat hulle baie meer geleer het as uit 'n handboek en het beslis mekaar beter leer ken en nuwe vriendskapsbande gesmee.

7. **Karoo to Coast – fietswedren: 24 September 2023:**

Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak mev. Daleen Strydom by 042 9402775 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

8. **Sport:**

- **Uitslae: Sportdag teen LS Victory:**

<u>Netbal:</u>	0/9	wen 7-0
	0/10A	wen 8-2
	0/11A	wen 23-0
	0/11B	wen 11-6
	0/12A	gelykop 8-8
	0/13A	35-8



<u>Rugby:</u>	0/7	wen
	0/8	wen
	0/9	verloor
	0/11	wen
	0/13	verloor

- 0/14- en 0/15-Netballigadag:

Die 0/14A-span het 4 wedstryde gespeel en 3 gewen.

Die 0/15A-span het 3 wedstryde gespeel en 1 wedstryd gewen.

- Gamtoos-Bulletjie- en Blommetjiedag: Saterdag, 27 Mei:

<u>Deelnemende spanne:</u>	Rugby:	0/7 en 0/8
	Netbal:	07A; 0/8A en 0/8B

<u>Bustye:</u>	Misgund:	05:20
	Louterwater:	05:30
	Krakeel:	05:40
	Skool:	05:55
	Ravinia:	06:00

- Paul Sauer Melktandjiesportdag: Saterdag, 3 Junie:


Spanne wat gaan deelneem:

Rugby: 0/7 ; 0/8 ; 0/9

Netbal: 0/7; 0/8; 0/9

Verdere inligting sal aan betrokke spanne deurgegee word.

- 0/13 Rugby- en netbaltoer: Douglas: 16 – 21 Junie:
Finale reëlins sal aan betrokke spanne deurgegee word.



C.J. STUURMAN

Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

tituscelestine@yahoo.com

Tel: +27 (0) 42 940 2775

Cell: +27 (0) 64 650 9453



McLachlan Internet Fasiliteit